



Verwysing: 20200619-6583  
Lêerno.: 5/1/7/4  
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0046/2020  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

*Kort opsomming: Hersiene reisaansoekvorm (ritmagtigingsvorm vir uitreiking van staatsvoertuie (GG-voertuie)).*

**Onderwerp: Hersiene reisaansoekvorm (ritmagtigingsvorm) vir uitreiking van staatsvoertuie (GG-voertuie)**

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep en vervang Omsendbrief 0025/2015 van 10 April 2015 in die geheel.
2. Die ritmagtigingsaansoekvorm (SMV 2019-01) is deur Staatsmotorvervoer (SMV) bygewerk en word hierby aangeheg vir onmiddellike implementering.
3. Die volgende amptenare is gemagtig ingevolge die voorskrifte en delegasies om ritmagtigings goed te keur:
  - Adjunkdirekteure of hoër by Hoofkantoor en distrikskantore; en
  - Departementshoofde by inrigtings.
4. By goedkeuring van die ritmagtiging, moet die bestuurder van die GG-voertuig inlig dat hy/sy hom/haar ten volle moet vergewis van die voorskrifte wat in die Departement van die Premier se Omsendbrief 3/3/4/P van 23 Desember 2013 uiteengesit is.
5. Bestuurders van GG-voertuie aanvaar volle verantwoordelikheid vir enige verkeersoortredings wat tydens die gebruik van die voertuig begaan word en moet altyd gebruik maak van die oranje VDO-plaatjies vir die individuele bestuurder sodra die plaatjies deur SMV geïmplementeer is.
6. Amptenare wat GG-voertuie gebruik, moet 'n afskrif van hulle jongste bestuurslisensiestrafpunte aanheg, sodra die Wet op die Administratiewe Beregtiging

van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998), soos gewysig, ten volle deur die nasionale Departement van Vervoer geïmplementeer is.

7. Die ritmagtiging vir GG-voertuie wat permanent toegewys is, is geldig vir slegs een kalendermaand en moet deur die voorgeskrewe reisprogram ondersteun word. Dit is slegs geldig vir amptenare in die uitvoering van hulle amptelike pligte en privaat passassiers wat behoorlik gemagtig is om saam met die gemagtigde amptenare te reis.
8. Die magtiging is slegs geldig as 'n departementele magtigingsnommer deur die betrokke vervoeramptenaar by Hoofkantoor of die distrikskantoor uitgereik is. Die oorspronklike magtigings met die datumstempel daarop moet altyd in die GG-voertuig gehou word en op versoek beskikbaar gestel word.
9. Daar kan vir verdere inligting met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in verbinding getree word:  
  

Mev. F Abdou:	Telefoonno. 021 467 2811
Mev. C Albertus:	Telefoonno. 021 467 2794
Me. A Gana:	Telefoonno. 021 467 2715
Me. V Ntshinga:	Telefoonno. 021 467 2808
10. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2020-10-26